

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za





Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2024

GEOGRAFIE

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A

VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER (40)

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE (40)

VRAAG 3: NEDERSETTINGS (40)

AFDELING B

VRAAG 4: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord al VIER vrae.
3. ALLE diagramme is in die vraestel ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, byvoorbeeld 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.


SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2329BB LOUIS TRICHARDT en 'n ortofotokaart 1 : 10 000 (2329 BB 04) LOUIS TRICHARDT word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Punte sal vir stappe in die berekeninge toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inhandig.

AFDELING A**VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

Verwys na die dwarsprofiel van 'n tropiese sikloon om VRAE 1.1.1 tot 1.1.3 te beantwoord.



[Aangepas uit www.faculty.luther.edu/~bernatzr/Courses/Chapter13/tropCyc]

- 1.1.1 Die ... stadium van ontwikkeling word uitgebeeld.

- A onvolwasse
- B aanvang
- C volwasse
- D ontbinding

- 1.1.2 Die dalende lug in die oog is droog as gevolg van:


- (i) kondensasie
- (ii) adiabatiese verhitting
- (iii) geen kondensasie
- (iv) adiabatiese afkoeling

- A (i) en (iv)
- B (iii) en (iv)
- C (i) en (ii)
- D (ii) en (iii)

- 1.1.3 Die volgende weerstoestand word met die oog geassosieer:

- A Swaarreënval
- B Cumulonimbus wolke
- C Sterk winde
- D Hoë temperatuur

Verwys na die kaart wat die pad van tropiese sikloon Freddy toon om VRAE 1.1.4 en 1.1.5 te beantwoord.



[Aangepas uit www.iol.co.za/dailynews/news]

1.1.4 Die lewensiklus van tropiese sikloon Freddy was ... dae.

- A 7
- B 11
- C 24
- D 5


1.1.5 Tropiese sikloon Freddy het ontbind toe dit op 24/2/2023 oor Mosambiek beweeg het as gevolg van:

- (i) verminderde latente hitte
- (ii) toenemende latente hitte
- (iii) verminderde wrywing
- (iv) toenemende wrywing

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

(5 x 1) (5)


- 1.2 Verwys na die skets wat 'n valleiklimaat uitbeeld en kies die korrekte antwoord om die sinne te voltooi.



[Aangepas uit Online.hteseden.co.za]

- 1.2.1 (Son / Aard) -straling veroorsaak dat lug by **A** afkoel.
- 1.2.2 Die wind by **A** is 'n (anabatiese / katabatiese) wind.
- 1.2.3 Namate die hoogte in die termiese gordel toeneem, (daal / styg) die temperatuur.
- 1.2.4 Die wind by **A** sal meer intensief gedurende (somer / winter) wees.
- 1.2.5 (Ryp / Stralingsmis) vorm aan die onderkant van die vallei wanneer doupunttemperatuur onder 0 °C daal. (5 x 1) (5)


1.3 Verwys na die sketse hieronder oor 'n sikloon in die middelbreedtes.



[Aangepas uit www.weathersa.co.za/home/historicalsynoptic]

- 1.3.1 In watter stadium van vorming is die middelbreedte-sikloon wat Kaapstad nader? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Hoekom ervaar Kaapstad tans hoër temperature in vergelyking met die lug agter die kouefront? (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Hoe gaan die windrigting verander soos die kouefront oor Kaapstad beweeg? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.3.3. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Teken 'n dwarsprofiel vanaf X na Y van die kouefront. Dui die lugbeweging, wolktipe en weer duidelik aan. (3 x 1) (3)
- 1.3.6 Verduidelik die ontwikkeling van die kouefront okklusie wat tot die ontbinding van die middelbreedte-sikloon, sal lei. (3 x 2) (6)

- 1.4 Verwys na die sketse hieronder gebaseer op veranderinge in die posisie van die inversielaag oor Suid-Afrika.




[Aangepas uit <https://slideplayer.com/.+High+Pressure+Systems.jpg>]

- 1.4.1 Wat is 'n *inversielaag*? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Watter grafiek, **A** of **B**, beeld wintertoestande uit? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Gee 'n rede vir die posisie van die inversielaag gedurende die winter. (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Watter klimaatstoestande wat gedurende die winter oor die plato ervaar word, kan vir boere ongunstig wees? (2 x 1) (2)
- 1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die subtropiese antisiklone die klimaat oor die binneland van Suid-Afrika gedurende die somer beïnvloed. (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE


- 2.1 Pas die beskrywings in VRAAG 2.1.1 tot 2.1.5 met die dwarsprofiel van riviertipe **A**, **B** of **C**. Skryf slegs die letter (**A**, **B** of **C**) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.6 B.




[Aangepas uit nationalgeographic.org/resource/water-tables]

- 2.1.1 Vloei slegs in die reënseisoen
- 2.1.2 Konstante toevoer van grondwater
- 2.1.3 Ontvang nooit basisvloei
- 2.1.4 Vloei slegs na swaar reënval
- 2.1.5 Vloei dwarsdeur die jaar (5 x 1) (5)

- 2.2 Verwys na die skets hieronder oor fluviale landvorme. Voltooi die stellings in KOLOM A met 'n opsie in KOLOM B. Skryf slegs **X** of **Z** langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.6 Z.




[Aangepas uit <https://quizlet.com/fomation-of-meander/>]

KOLOM A		KOLOM B
2.2.1 Die dominante fluviale-proses van die rivierkanaal by A is:	X	Sywaartse/Laterale erosie
	Z	Afwaartse/Vertikale erosie
2.2.2 'n Meanderboog wat vanaf die hoofrivier afgesny word (B):	X	Kronkelgroef
	Z	Hoefystermeer
2.2.3 Met verloop van tyd sal hierdie meanders ... migreer.	X	stroom-op
	Z	stroom-af
2.2.4 Die watersnelheid sal ... by Y wees in vergelyking met W .	X	vinniger
	Z	stadiger
2.2.5 Die dwarsprofiel van die rivierkanaal by W-Y is:	X	
	Z	

(5 x 1) (5)



2.3 Verwys na die sketse gebaseer op twee dreineringsbekkens.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

2.3.1 Wat is 'n dreineringsbekken? (1 x 2) (2)

2.3.2 Watter dreineringsbekken (**A** of **B**) het 'n hoër stroomorde? (1 x 1) (1)


Verwys na dreineringsbekken **A**.

2.3.3 Noem die verhouding tussen die aantal strome en die stroomorde. (1 x 2) (2)

2.3.4 Hoe sal meer vingerpunt (eerste orde) strome die dreineringsdigtheid beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom dreineringsbekken **B** 'n laer dreineringsdigtheid het in vergelyking met dreineringsbekken **A**. (4 x 2) (8)

- 2.4 Verwys na die gevallestudie en kaart hieronder oor opvanggebied en rivierbestuur.




[Aangepas uit www.dws.gov.za/iwqs/rhp/state_of_rivers/posters/Mthatha-6-e.pdf]

- 2.4.1 Waar is die Mthatharivier se watergehalte beter; stroomaf of stroomop van Mthatha? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Verwys na die gevallestudie en identifiseer TWEE bronne wat 'n negatiewe impak op die gehalte van water van die Mthatharivier het. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Waarom is dit belangrik om die aanwysers van riviergesondheid by **X** te bestudeer? (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik hoe besmette water (by **X**) die natuurlike omgewing negatief beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Stel DRIE strategieë voor wat geïmplementeer kan word om die watergehalte in die Mthatha-rivier opvanggebied te verbeter en in stand te hou. (3 x 2) (6)

[40]

VRAAG 3: LANDELIK EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

- 3.1 Die grafiek hieronder toon die verhouding van mense wat in Suid-Afrikaanse stedelike gebiede woon. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld, 3.1.6 D.



[Aangepas uit <https://businesstech.co.za/news/sa-population-flocking-to-cities/>]

- 3.1.1 Die proses waardeur 'n toenemende persentasie van Suid-Afrika se bevolking in stedelike gebiede woon:
- A Verstedeliking
 - B Tempo van verstedeliking
 - C Landelik-stedelike migrasie
 - D Vlak van verstedeliking
- 3.1.2 Suid-Afrika se benaderde vlak van verstedeliking in 2020:
- A 68 miljoen
 - B 32%
 - C 68%
 - D 36%
- 3.1.3 Die tempo van verstedeliking was die laagste tussen die volgende jare:
- A 2000 en 2010
 - B 1970 en 1980
 - C 1950 en 1960
 - D 2010 en 2020

3.1.4 Die toename in die aantal mense wat in stedelike gebiede woon:

- A Stedelike uitbreiding
- B Stedelike spreiding
- C Tempo van verstedeliking
- D Stedelike groei


3.1.5 Die oorsake van verstedeliking in Suid-Afrika is:

- (i) Hoë emigrasiekoers uit Suid-Afrika
- (ii) Hoë koers van immigrasie na Suid-Afrika
- (iii) Landelik-stedelike migrasie
- (iv) Stedelik-landelike migrasie

- A (i) en (iii)
- B (ii) en (iii)
- C (i) en (iv)
- D (ii) en (iv)

(5 x 1) (5)

3.2 Verwys na figure **A** en **B** wat twee verskillende tipes goedere / dienste verteenwoordig wat deur 'n sentrale plek verskaf word. Pas die beskrywings in VRAAG 3.2.1 tot 3.2.5 by **A** of **B**. Skryf slegs **A** of **B** langs die vraagnommers (3.2.1 tot 3.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 3.2.6 **A**.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

3.2.1 Het 'n kleiner reikwydte

3.2.2 Het 'n groter drempelbevolking

3.2.3 Word minder gereeld benodig

3.2.4 Bedien 'n groter invloedseer

3.2.5 Relatief goedkoop

(5 x 1) (5)

3.3 Verwys na die uittreksel oor landelike nedersettingskwessies.

VERWAARLOOSDE LANDELIKE INFRASTRUKTUUR: 'N KRITIESE OORSIG

Ongelukkig is infrastruktuurbelegging in baie Suid-Afrikaanse landelike gebiede nie 'n prioriteit nie. Faktore soos swak munisipaliteite en wanbestuur van fondse lei daartoe dat landelike gebiede baie beperkte infrastruktuurbeleggings ontvang.

Met onvoldoende belegging is daar 'n afname in die ekonomiese toestande in baie landelike gebiede. Die negatiewe ekonomiese toestande speel 'n beduidende rol in die oorsake van landelike-stedelike migrasie wat tot landelike ontvolking lei.

Een van die dringendste uitdagings wat Suid-Afrikaanse landelike gemeenskappe in die gesig staar, is die betreurenswaardige (verskriklike) toestand van paaie, aangesien slegs 10% van paaie in die Oos-Kaap geteer is.

Die onvoldoende padnetwerke belemmer toegang tot noodsaaklike dienste soos gesondheidsorg en onderwys en belemmer ekonomiese ontwikkeling deur die vervoer van goedere en toegang tot markte te beperk.

Die ontwikkeling van infrastruktuur kan 'n beduidende siklus kataliseer (dryf) waarin die private sektor belegging verhoog, wat op sy beurt tot groter ekonomiese geleenthede in landelike gebiede lei.

[Aangepas uit www.ufh.ac.za/news/News/NeglectedRuralInfrastructureCriticalOversightSA]

- 3.3.1 Noem EEN faktor uit die uittreksel wat tot beperkte infrastruktuurbelegging in landelike gebiede bydra. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Hoe gee landelik-stedelike migrasie aanleiding tot landelike ontvolking? (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Waarom beïnvloed landelike ontvolking die ekonomieë van landelike nedersettings negatief? (2 x 2) (4)
- 3.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die ontwikkeling van infrastruktuur in landelike gebiede kan help om die impak van landelike ontvolking te verminder. (4 x 2) (8)

- 3.4 Verwys na die infografika oor die sentrale sakekern (SSK) van Johannesburg as 'n grondgebruiksone.

DIE VERVAL VAN DIE JOBURG SSK

Die Johannesburgse middestad was 'n bedrywige ekonomiese middelpunt (konsentrasie) van besigheid, kleinhandel en handel. Oor die jare het hierdie grondgebruiksone egter sy aantrekkingskrag verloor. Een van die duidelikste tekens van die SSK se agteruitgang is die migrasie van besighede en luukse kleinhandelaars na Sandton. Hierdie verskuiwing is meestal te wyte aan die hoë vlakke van straatmisdade in die middestad. Die veiligheidskwessies het uiteindelik die SSK beroof (ontneem) van die ekonomiese aktiwiteit wat dit eens gedefinieer het.

'n Aantal verskillende inisiatiewe is deur stadsamptenare van stapel gestuur om die SSK te verjong. Van stedelike hernuwingsprojekte tot strenger wetstoepassingsveldtogte, was daar daadwerklike pogings om die SSK se aansien (hoë status) te herwin. Ongelukkig het hierdie pogings nie die gewenste veranderinge meegebring nie.

JOHANNESBURG MUNISIPALE GRENS



[Aangepas uit

www.iol.co.za/news/decline-of-joburg-cbd]

SANDTON (PSS)




[Bron www.theworkspace.co.za/blog/sandton-office-space]

- 3.4.1 Wat is 'n *stedelike grondgebruiksone*? (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Noem TWEE faktore wat oorspronklik die hoë konsentrasie van besigheid na die SSK sou gelok het. (2 x 1) (2)

- 3.4.3 Volgens die uittreksel, wat is die hoofrede waarom besighede uit die SSK beweeg? (1 x 1) (1)
- 3.4.4 Wat lok (trek) besighede na afgeleë sakegebiede (ASG) soos Sandton? (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Verduidelik die positiewe ekonomiese impak wat die herwinning van die aansien (hoë status) van die SSK op stede soos Johannesburg sal hê. (3 x 2) (6)
- [40]**

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B**VRAAG 4: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR LOUIS TRICHARDT**

Koördinate: $23^{\circ} 3' 0''$ S; $29^{\circ} 54' 0''$ O

Louis Trichardt, geleë in die Limpopo-provinsie in Suid-Afrika, is 'n dorp aan die voet van Songozwi, in die Soutpansberge.

Dit is die middelpunt van die Makhado plaaslike munisipaliteit en is in 'n vrugbare streek geleë. Louis Trichardt het 'n subtropiese klimaat waar lietsjies, piesangs, mango's en neute geproduseer word. Die grootste deel van Louis Trichardt se ekonomie word 'n hupstoot deur boerdery-aktiwiteite rondom die dorp gegee.

Die dorp se ekonomie kan 'n verdere hupstoot ervaar as voorgestelde myne in die gebied oopmaak. Daar was egter baie weerstand van natuurbewaarders teen myne wat in die gebied oopmaak.

[Aangepas uit https://en.wikipedia.org/wiki/Louis_Trichardt]

Die volgende Engelse terme en hul vertalings word op die topografiese kaart getoon:

ENGLISH

Aerodrome
Canal
Diggings
Furrow
Golf course
Sewerage works
Show grounds
Waterfall
Weir

AFRIKAANS

Vliegveld
Kanaal
Uitgrawings
Voor
Gholfbaan
Rioolwerke
Skougronde
Waterval
Studam



KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir VRAE 4.1.1 en 4.1.2 gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.3 D.

4.1.1 In watter provinsie is Louis Trichardt geleë?

- A Mpumalanga
- B Gauteng
- C Vrystaat
- D Limpopo (1 x 1) (1)

4.1.2 Op die topografiese kaart, wat is die verskynsel wat by 23°02'39"S en 29°54'11"E gevind word:

- A Hotel
- B Skool
- C Plek van aanbidding
- D Winkel (1 x 1) (1)

4.1.3 (a) Watter verskynsel word deur lyn **5** tot **6** op die ortofotokaart verteenwoordig; 'n vallei of 'n uitloper? (1 x 1) (1)

(b) Hoekom is daar intersigbaarheid tussen **5** en **6**? (1 x 1) (1)

4.1.4 (a) Bereken die reguitlynafstand in meter (m) vanaf punthoogte 988 (**E2**) tot punthoogte 993 (**D1**) op die ortofotokaart. (2 x 1) (2)

(b) Gebruik jou antwoord uit VRAAG 4.1.4 (a) en bereken die gemiddelde gradiënt vanaf punthoogte 988 (**E2**) tot punthoogte 993 (**D1**) op die ortofotokaart.

Gebruik die formule: **Gradiënt** = $\frac{\text{Vertikale Interval (VI)}}{\text{Horisontale Ekwivalent (HE)}}$

(3 x 1) (3)

(c) Hoe het die geleidelike gemiddelde gradiënt wat in VRAAG 4.1.4(b) bereken is, menslike aktiwiteit in die area tussen die punthoogtes beïnvloed? (1 x 1) (1)

4.2 KAART-INTERPRETASIE

Verwys na **O** op die topografiese kaart en die prent hieronder wat 'n foto van die **O** toon.



[Bron: Google Earth]

- 4.2.1 (a) Die hoek van die lugfoto is: (vertikaal of skuins). (1 x 1) (1)
- (b) Watter verskynsel word deur **O** verteenwoordig? (1 x 1) (1)
- (c) Waarom kan **O** as 'n omgewingsongeregtigheid beskou word? (2 x 1) (2)

Verwys na die straatplan (**R**) op die topografiese kaart.

- 4.2.2 Watter bewyse dui daarop dat die straatplan by **R** 'n roosterpatroon is? (1 x 1) (1)
- 4.2.3 Waarom belemmer 'n rooster straatplan die vloei van verkeer? (1 x 2) (2)

Verwys na **N** in blok **C1** en **S** in blok **B1**.

- 4.2.4 Watter nedersetting, **N** of **S**, word as 'n landelike kernnedersetting geklassifiseer wat in 'n lineêre patroon ontwikkel het? (1 x 1) (1)
- 4.2.5 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 4.2.4. (2 x 1) (2)

Verwys na **M** in blok **C2**.

- 4.2.6 Noem TWEE voordele van hierdie geïsoleerde (verspreide) plaasopstal. (2 x 1) (2)

4.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

4.3.1 Hoër resolusie van 'n prent word bepaal deur:

- (i) Baie beeldelemente (pixels)
- (ii) Min beeldelemente (pixels)
- (iii) Klein beeldelemente (pixels)
- (iv) Groot beeldelemente (pixels)

- A (ii) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iv)
- D (i) en (iii)

(1 x 1) (1)

Verwys na blok **D2** op die topografiese kaart.4.3.2 Definieer die konsep *attribuutdata*. (1 x 2) (2)

4.3.3 Gee EEN attribuut wat die ligging van die Louis Trichardt Aerodrome (Vliegveld) (K) in blok D2 op die topografiese kaart beïnvloed het. (1 x 2) (2)

Verwys na blok **E1** op die topografiese kaart.

4.3.4 Stel EEN datalaag voor wat die boer oorweeg het, voordat hy sy boerdery in hierdie spesifieke area gevestig het (blok **E1**). (1 x 1) (1)

4.3.5 Verskaf 'n rede vir die keuse van die datalaag in VRAAG 4.3.4. (1 x 2) (2)

[30]**TOTAAL: 150**